

# Kix-pirasie

## DIE AFLOS



**Teks:** 1 Petrus 3:1b “Sonder dat julle ‘n woord hoef te sê, sal julle leefstyl hulle vir Christus wen.”

**Prakties:** Neem ‘n blokkie en koki en begin by ‘n punt om die blokkie van een persoon na die volgende aan te stuur. Sodra die blokkie by jou kom, moet jy ‘n woord wat vir jou belangrik is, daarop skryf. Stuur dit aan na die volgende persoon en hy/sy moet dieselfde doen. Daarna kry elkeen ‘n kans om sy woord se betekenis te verduidelik.

Tydens aflos begin een persoon en hy hardloop op sy beste totdat hy die stokkie oorgee vir die volgende persoon wat dan weer op sy/haar beste hardloop en dan die stokkie vir die volgende persoon aangee. Dit laat my baie dink aan ons lewens as Christene en hoe ons die “stokkie” moet oorgee aan die jonger generasie, maar ook aan mekaar. Die volgende atleet kyk heeldyd hoe die vorige atleet hardloop terwyl hy/sy vir die stokkie wag. Net so kyk mense hoe ons as kinders van die Here lewe.

In die Bybel lees ons hoe ons moet lewe. Jesus het in Sy tyd hier op aarde vir ons ook die voorbeeld gestel hoe om hier op aarde te lewe.

Die Here het die stokkie aan jou en my oorgegee om nou verder in Sy voetspore te stap en ‘n voorbeeld vir ander in ons lewens te wees. Daar is egter ‘n verskil tussen ‘n aflos en die lewe. Wanneer jy aflos om die baan hardloop, hardloop jy alleen nadat die stokkie vir jou aangegee is. Maar die Here laat ons nie die aflospad alleen hardloop nie. Hy is elke tree saam met ons deur die Heilige Gees wat in ons is. Hy stel ons in staat om goeie voorbeelde te wees sodat elkeen wat ons lewens sien, daaruit kan leer. Kom ons lewe ons lewe so dat mense, sonder dat ons ‘n woord hoef te sê, vir Christus in ons lewens kan sien en sal wil deel word van die “aflosspan” van Christus.